

Maandag 29 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 126:1-6

Fokusgedeelte: Psalm 126:1-6

In die Here het ons vreugde, al stort ons trane!

In hierdie psalm besin die volk met danksegging aan God oor sy verlossingsdade in die verlede, terwyl hulle ook bid dat die Here tog sal aanhou om hulle lot goedgunstig te verander. Alhoewel daar geen ooreenkoms by verklaarders is oor die datering van die psalm nie, hou die psalmsituasie sterk verband met die terugkeer van 'n groep ballinge na die land.

Die herstel van die lot van Sion (vs 1) het in 538 vC plaasgevind, ter vervulling van die profetiese woord in Jeremia 29:14. Die mense het geweet van die beloftes van herstel, maar toe die eintlike oomblik van herstel aanbreek, was dit 'n oorweldigende ervaring. Hulle was soos diegene "wat gedroom het". Dit het alles te vinnig gebeur.

Die daad van herstel was só groot dat die ander nasies ook daarvan gehoor het (vgl. Jes. 52:10). Wanneer die Here ook al optree, getuig sy kragtige werke van sy wonderlike vermoë om sy kosbare volk te red.

Die nuwe ervaring van lag, vreugde en geluk moet gebalanseer word met die werklikheid van die lewe in Kanaän. Dit was 'n harde bestaan (vgl. Esra-Nehemia; Haggai). Uit die as van die vernietiging van Juda en uit die land wat braak gelê het, moes die teruggekeerdes 'n bestaan uithaal.

Die ballinge wat teruggekeer het, se gebed weerspieël die hardheid van hulle bestaan en hulle teleurstelling oor die beperkte vervulling van die profetiese woord. Hulle bid egter steeds vir die voortsetting van die herstel. Hulle bid dat die herstel van die volk sal vergelyk met "strome in die Suidland/Negev" (vs 4). Die stroombeddings suid van Hebron, rondom Beërseba, was oor die algemeen droog; maar net soms het dit gedurende die wintermaande selfs 'n duim gereën, sodat die water met 'n vinnige en dikwels vernietigende krag in strome vloei.

Skielik word die kort, maar intensiewe gebed van vers 4 beantwoord, asof deur profetiese versekering. Ja, God het belowe, en hy sal sy belofte getrou wees (vgl. Hag. 2:19). Die psalm bevat 'n ewige versekering aan die volk van God dat sy woord waar is. Die Here sal die "trane" verander in "liedere van vreugde" (vs 5). Alhoewel werk moeisaam kan wees en die resultate onseker is, sal die Here saam met sy volk wees in hulle verskillende pogings om hulle te seën.

Ons as gelowiges kan met hierdie gebeure in ons eie lewens assosieer. Ons is van die sonde en die ewige dood gered deur die verlossingswerk van Christus aan die kruis. Ons volkome verlossing is egter nog nie heeltemal klaar nie. Ons ly steeds, sondig en sterf. Maar ons weet dat die toekoms die volle herstel inhou, naamlik die ewige lewe. Sodoende gee die Heilige Gees aan ons vreugde, al stort ons trane, oor God se werk in ons. Dink aan wat die Here deur Paulus sê in 2 Korintiërs 4:17-18: "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."

Sing: Psalm 126:1-3

Ds. MW Kruger (Thinus) (Newcastle)